higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUTEKENE N1

(8090001)

21 November 2022 (X-vraestel)
09:00–13:00

BENODIGDHEDE: EEN A2-tekenvel

Tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

099Q1E2221

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUTEKENE N1
TYD: 4 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Alle tekeninge asook kandidaatinligting moet in potlood gedoen word.
5. Die tekeninge moet netjies, redelik groot, in verhouding en volledig benoem wees.
6. 'n Gebalanseerde uitleg is belangrik en kandidate sal vir swak beplanning gepenaliseer word.
7. Alle tekeninge moet voldoen aan die toepaslike SANS- (SABS)-kodes.
8. Gebruik jou diskresie waar afmetings nie gegee word nie.
9. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Teken 'n volgrootte sirkel met 'n deursnee van 100 mm. Dui die volgende op jou tekening aan:

- Boog
- Sektor
- Radius
- Middellyn (Deursnee)
- Middelpunt
- Koord
- Segment
- Raaklyn ('Tangent') **[10]**

VRAAG 2

Teken, op skaal 1:2, 'n isometriese aansig van 'n skuinssluiter ('bevelled closer').

LET WEL:
- Toon jou voorkeuraansig.
- Toon verskanste besonderhede.
- Voeg VIER afmetings by. **[14]**

VRAAG 3

Teken, op skaal 1:1, die ortografiese aansigte van die prentaansig van die FIGUUR hier onder.



[14]

VRAAG 4

Teken, op skaal 1:10, die isometriese aansigte van 'n T-aansluiting se wisselende lae tussen TWEE halfsteenmure.

LET WEL: Gee 'n byskrif vir die driekwartpassteen ('three-quarter bat'). **[12]**

VRAAG 5

Wys, met behulp van netjiese sketse, die verskil tussen elk van die volgende plaveipatrone:

5.1 Mandjie

5.2 Visgraat

5.3 Hardehout vloerblokkie

(3 × 4) **[12]**

VRAAG 6

Teken, op skaal 1:10, 'n vertikale dwarssnit deur die strookfondament van 'n een-en-'n-halwesteenfondamentmuur en eensteenbuitemuur van 'n huis. Die fondamentmuur is verklein tot VIER lae bokant die betonfondament.

Wys die volgende besonderhede:

- 600 mm × 200 mm-betonfondament
- 'n Een-en-'n-halwesteenfondamentmuur
- 'n Eensteenbuitemuur
- Voglaag
- 75 mm-dik betonvloer
- 10 mm-binnepleister
- 20 mm-dik gidspleister
- Hardepuinvulsel van 150 mm
- PVC-vloerlyste
- PVC-vloerteëls **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Teken, op skaal 1:2, 'n horisontale dwarssnit deur 'n staalvenster. Wys die volgende besonderhede:

- 'n Gedeelte van die eensteenmuur
- Binne- en buitepleister
- 150 mm × 22 mm binneste houtvensterbank
- 150 mm × 20 mm buitenste kleivensterbank
- Vensterraam
- Seëlstof (stopverf)
- Onderreling
- Voglaag

LET WEL: Toon slegs EEN kant van die opening.

[18]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou